Inligtingsbrief (Promosie en Bemarking)

- **2017 Joernale**
- **Bylaag 4 – Brahman, die Koning van Kruisteling**
- **Plaas Publishing (Stockfarm)**
- **60 Jarige Gedenkboek**

Beste Teler

Tydens ons onlangse Raadsvergadering gedurende April 2017 is daar op die volgende bemarkingaksies vir 2017 besluit:

JOERNALE 2017

- **MEI 2017 JOERNAAL**
  Die Joernaal is gefinaliseer en u sal hom binne die volgende maand in die pos ontvang.

- **JULIE 2017 JOERNAAL**
  Staan oor weens die uitgee van 60 jaar Gedenkboek.

- **DESEMBER 2017 JOERNAAL**
  Word vervang deur die gedenkboek

BYLAAG 4 – BRAHMAN, DIE KONING VAN KRUISTELING

Sedert September/Oktober 2015 was ons druk besig om 'n werkbare mediaplan op die tafel te sit. Ons het tot dusver daarin geslaag om 3 van ons beplande 7 bylaes te druk en te versprei. Wees verseker dat die uitgee van dié 3 bylaes uiters suksevol was, met ongelooflike resultate tot voordeel van al ons telers.

Ons wil weereens graag die doel van hierdie bemarkingsaksie en die waarde van deelname en ondersteuning daaraan met u bevestig:

- Deur die proses van verspreiding deur die erkende Landbou-media bereik ons die geteikende Landboumark in Suidelike Afrika, wat insluit die sub-tropiese gebiede waar Brahman uitstaan as die voorkeur-ras oor die wêreld.
- Die inhoud van die 7 bylaes bevestig die unieke eienskappe van die Brahmanras wat hom die voorkeurras vir Afrika maak, verder stel ons dan ook hierdeur die eienskappe bekend aan diegene wat nie hiervan bewus is nie.
- Deur hierdie proses en herbekendstelling van die Brahman, verseker ons ook dat ons weer ons regmatige aandeel in die bestaande mark herwin.
- Bogenoemde word sterk ondersteun met die rasverbeteringsaksies wat huidig deur die rasverbeteringskomitee gedryf word.

Na al ons onderhandelings met ons mediavennote is ons tans besig met die samestelling van **Bylaag 4**. Die besluit is dat die bylaag gedurende **18 Augustus 2017 as invoegsel deur die Landbouweekblad versprei sal word.** Daar gaan 'n drukoplaag van 60 000 wees.

Afrikaans - 45 000 (40 000 Lanbouweekblad invoegings 5000 vir verdere verspeiding)

Engels - 15 000 vir verspreiding tydens uitstallings, Boeredae, Werkswinkels en plasing op strategiese plekke. Ons kon ongelukkig nie met Farmers Weekly ooreenkom vir die invoeging van die bylaag nie.

Die advertensietariewe is afwaarts aangepas, as gevolg van die verminderde aandrukke.

BKB
CAPE GATE (PTY) LTD
FNB First National Bank
VOERMOL

Die advertensietariewe (btw uitgesluit):

Volblad R14 500

Halfblad R8 000

Kwartblad R4 500

Agsteblad R2 500 (klubs en streke)

Ons doen 'n ernstige beroep op u om van die geleentheid gebruik te maak om u kudde en u ras in 60 000 aandrukke te adverteer. Die is een van die grootse en goedkoopste opsie wat u het om u kudde oor die hele Suid Afrika te kan adverteer. Sonder elke teler se ondersteuning kan die projek nie voortgaan nie en ons maak staat op u as teler om ons te help om die Bylaag weereens 'n groot sukses te maak. Bespreek nou u advertensie vir Bylaag 4 (**advertensie sperdatum 30 Junie 2017)** by Karin, Brahman kantoor 051-4464619 / karin@brahman.co.za **of** Sietze Smit 083 712 9965/ sytzesm@gmail.com.

PLAAS PUBLISHING (STOCKFARM)

Die Julie 2017 uitgawe van Stockfarm sal 'n spesiale uitgawe wees. Ons doelwit met die uitgawe is om ons Engelssprekende mark te bereik. Dit word opgedra aan die Brahmane en die Brahman Beestelersgenootskap van Suid-Afrika. Aspekte soos Kruisteling (heterose), voeding, gesondheid en algemene bestuur van die Brahman sal aangespreek word.

Brahmantelers word die geleentheid gegun om in die publikasie van 10 500 opgawes te adverteer teen 'n afslagprys van 45%. U advertensie sal ook gratis vir u ontwerp word. Indien u 'n volblad of dubbelblad bespreek, sal u 'n radio onderhoud (waarde R5000) ontvang op RSG (luisteraars 60 000 tot 120 000). Tydens die onderhoud sal u, u kudde asook opkomende veilings kan bespreek en bemark. **Afsnydatum** om materiaal te verskaf is **26 Mei 2017.** Bespreek nou u advertensie by esmarie@veeplaas.co.za **/ 072 967 8575.** Vind aangeheg die tariewe en inligting rakende hierdie advertensies.

60-JARIGE GEDENKBOEK

Die promosiekomitee het besluit dat ons 'n Gedenkboek (hardeband) ter viering van ons 60 jarige bestaan moet uitgee. Die fokus sal op die afgelope 10 jaar, sedert ons 50-jarige herdenking se aktiwiteite wees. Dit sal in 'n koffietafelboekformaat wees wat vir die volgende 15 jaar ons trots sal wees. Hierdie Gedenkboek sal **November 2017** verskyn.

Die Voorsitter van die komitee is Llewellyn Labuschagne. Die komiteelede se inligting word ook aangeheg vir kennisname.

Telers sal die geleentheid gegee word om hulle kuddes in die unieke uitgawe te adverteer:
Sleg 'n volblad kleuradvertensie sal beskikbaar wees teen 'n koste **R5000 (btw uitgesluit**). **Afsnydatum vir materiaal vir advertensies is 2 Oktober 2017.** U word vriendelik versoek om nou al u advertensie te bespreek by karin@brahman.co.za of caria.vermaak@gmail.com (051-8211783). Caria sal die ontwerp van die advertensies gratis hanteer.

Ons glo dat hierdie bemarkingsaksies u as Brahmanteler opgewonde sal maak om ons te ondersteun.

Beste Groete

Sydney Hunt: President
Brahman Beestelersgenootskap van Suid-Afrika